

Remgro

Remgro Beperk

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienuommer 1968/006415/06)
Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480
("Remgro")

Aankondiging van die bepaling ten opsigte van die verkryging deur Remgro van 'n bykomende belang in British American Tobacco Plc ("BAT") ("die verkryging")

1. INLEIDING

Aandeelhouders word in kennis gestel dat Remgro 'n ooreenkoms met R&R Holdings S.A. ("R&R") en Compagnie Financière Richemont S.A. ("Richemont") gesluit het om effektief 'n bykomende belang van 0.6% in BAT se uitgereikte aandelekapitaal te verkry. Ingevolge die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika ("JSE") se Noteringsvereistes is dit 'n verwantepartytransaksie van klein omvang. Die bepaling van die verkryging word hieronder uiteengesit.

2. BEWEEGREDE VIR DIE VERKRYGING

As gevolg van die omskepping en verkoop deur R&R van BAT-voorkeuraandele in 2004, het Remgro se effektiewe belang in BAT tot onder 10% gedaal. Remgro was van voorneme om 'n effektiewe belang in BAT van meer as 10% te handhaaf. Dié verkryging verwesenlik die doel aangesien dit Remgro se effektiewe belang in BAT tot 10.01% verhoog.

3. BEPALINGS VAN DIE VERKRYGING

3.1 Koopteenprestasie en meganisme


Remgro sal inskryf op 19 281 686 winsdelende sekuriteite in R&R ("die winsdelende sekuriteite"). Die winsdelende sekuriteite wat Remgro verkry, sal hom geregtig maak op al die voordele en risiko's wat regstreeks verbonde is aan die besit van gewone aandele in BAT. Die winsdelende sekuriteite kan deur R&R afgelos word deur die lewering van die toepaslike aantal BAT gewone aandele op 'n een-vir-een grondslag of deur die betaling deur R&R van die opbrengs met die verkoop van die toepaslike aantal BAT gewone aandele aan die houers van die sekuriteite.

Die netto uitwerking is dat Remgro sy effektiewe belang in BAT met 12 854 457 aandele sal verhoog teen 'n effektiewe koopprijs van £124.9 miljoen, uitgesluit transaksiekoste, wat uit bestaande kontantmiddele befonds sal word.

Die verkryging beïnvloed nie die totale aantal BAT-aandele wat R&R besit nie.

3.2 Kapitaalstruktuur

Die struktuur van die gesamentlike aandeelhouding ten opsigte van BAT voor en na die transaksie is soos volg:



3.3 Effektiewe datum

Die effektiewe datum van die verkryging is 28 Februarie 2005 en die transaksie sal na verwagting teen nie later nie as 4 Maart 2005 geïmplementeer word.

4. OMSKRYWING VAN BAT

BAT is die wêreld se tweede grootste genoteerde tabakgroep. BAT het meer as 300 handelsmerke in sy portefeulje, beklee 'n gesonde markposisie in elkeen van sy streke en het leierskap in meer as 50 van die 180 markte waarin besigheid gedoen word. BAT, insluitende geassosieerde maatskappye, het meer as 85 000 werknemers wêreldwyd in diens.

5. FINANSIËLE UITWERKING OP REMGRO

Die *pro forma* finansiële uitwerking van die verkryging op Remgro is nie wesenlik nie (onder 3%) en word gevolglik nie aangedui nie.

6. ONAFHANKLIKE KUNDIGE SE MENING

Remgro het Rand Aksepbank, 'n afdeling van FirstRand Bank Beperk ("RAB"), ooreenkomstig paragraaf 10.7(b) van die JSE-noteringsvereistes as die onafhanklike professionele kundige aangestel. RAB het aan die Remgro direksie se onafhanklike subkomitee 'n mening verskaf dat die verkryging beide billik en redelik teenoor aandeelhouders van Remgro is. Die billikheids- en redelikheidsverklaring sal vir 'n tydperk van 28 dae na die datum van dié aankondiging by die Remgro-kantoor ter insae beskikbaar wees.

Remgro Beperk
Stellenbosch
4 Maart 2005



RAND AKSEPBANK

— 'n Afdeling van FirstRand Bank Beperk —

KORPORATIEWE FINANSIERING

Onafhanklike adviseur en borg vir Remgro